Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Eunice Brand/Frendelene Fortuin**
Direktoraat: Bestuursrekeningkunde
Eunice.Brand@westerncape.gov.za | 021 467 2772
Frendelene.Fortuin@westerncape.gov.za | 021 467 2415

Lêerno.: 18/5/5
Verwysing: 20230403-3163

Omsendbrief: 0013/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkdirekteure (distrikskantore), en Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle gewone openbare skole

Kort opsomming: *Besonderhede van kompensasie vir vrystelling van die betaling van skoolgelde, asook riglyne vir die eisproses (gewone openbare skole, Graad R tot 12)*

**Onderwerp: Kompensasie vir die vrystelling van die betaling van skoolgelde**

1. Die Nasionale Minister van Basiese Onderwys het die regulasies vir die betaling van kompensasie vir die vrystelling van die betaling van skoolgelde aan skole wat skoolgelde hef in nasionale kwintiel 4- en 5-skole, in *Staatskoerant* No. 33971 van 28 Januarie 2011 uitgereik.

2. Kompensasie vir die vrystelling van die betaling van skoolgelde sal altyd vir die vorige skooljaar wees, d.w.s. kompensasie wat in 2023 betaal word, is vir vrystellings wat gedurende die 2022-skooljaar toegestaan is.

3. Die volgende vrystellings van die betaling van skoolgelde sal vir wettige eise in aanmerking kom:

3.1 'n Leerder wat outomaties vrygestel word aangesien hy of sy 'n weeskind is of deur sy of haar ouers verlaat is.

3.2 'n Leerder aan wie 'n armoedeverwante staatstoelae betaal word.

3.3 'n Leerder wie se ouers aansoek gedoen het om vrystelling van die betaling van skoolgelde en waar dit deur die beheerliggaam toegestaan is (let daarop dat die aansoek en notule van die betrokke beheerliggaamvergadering vir skoolouditdoeleindes beskikbaar moet wees).

4. **Tydsraamwerke**

4.1 Skole moet teen 31 Mei 2023 die kompensasieproses vir die vrystelling van skoolgelde finaliseer. Alle eise moet teen 28 April 2023 op SOBIS afgehandel word deur die proses te volg wat in hierdie omsendbrief uiteengesit is. Dit is om genoegsame tyd toe te laat vir die ouditproses wat in paragraaf 6 genoem word. Geen laat voorleggings sal aanvaar word nie, en elke aansoek sal deur die distrikskantoor bevestig en by Hoofkantoor vir betaling ingedien word. Betalings sal dan jaarliks voor of op 15 November aan skole gemaak word wat daarvoor kwalifiseer.

4.2 **Datums vir die 2023-proses (vrystelling van die betaling van skoolgelde wat gedurende 2022 toegestaan is):**

| Datum | Aksie |
|---|---|
| 12 April 2023 | SOBIS word vir datavaslegging beskikbaar gestel. |
| 28 April 2023 | Finale vasleggingsdatum vir skole. |
| 31 Mei 2023 | Skole lê geouditeerde inligting aan die betrokke kringbestuurder by die distrikskantoor voor en SOBIS sluit vir alle skole. |
| 30 Junie 2023 | Distrikskantore finaliseer bekragtigingsproses en teken af op EduInfoSearch. |
| 29 September 2023 | Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) stel skole in kennis van die bedrae wat betaalbaar is. |
| 15 November 2023 | Die WKOD plaas fondse oor na skole wat kwalifiseer. |

5. **Proses**

5.1 Alle aansoeke moet via SOBIS ingedien word en moet ten minste die volgende inligting insluit: die skool se naam, OBIS-nommer, skool se straatadres, die naam en kontakbesonderhede van die persoon wat die vorm ingevul het, die totale getal leerders wat by die skool ingeskryf is, die lys met leerders wat in die vorige jaar van die betaling van skoolgelde vrygestel is, asook die identiteitsnommer en die SOBIS-nommer van elk van hierdie leerders.

5.2 Die proses is soos volg:

a) Teken aan op SOBIS.
b) Kies "Ordinary Public".
c) Kies skool.
d) Klik "Proceed" en beweeg oor die "Administration"-kieslys, klik "School fee exemption" en klik dan "Capture Screen".
e) Kies die leerder en voltooi die %-vrystelling wat toegestaan is (slegs vir leerders waarvoor geëis word). Die inskrywingstydperk sal outomaties ingevul word.
f) Voltooi en druk die eis. Dien in by die betrokke persone vir ondertekening, nl. die voorsitter van die finansiële komitee, prinsipaal en voorsitter van die beheerliggaam.
g) Dien dit saam met ondersteunende dokumentasie by die ouditeur in om geoudit te word. Verwys na paragraaf 6 van hierdie omsendbrief.

h) Nadat die oudit afgehandel is, dien die drukstuk (eis) by die gepaste distrikskantoor in vir bekragtiging. Die skool en distrikskantoor moet afgetekende kopieë vir rekord- en ouditdoeleindes hou. Alle ondersteunende dokumente moet by die skool gehou word. Moenie enige dokumente aan Hoofkantoor stuur nie.

i) Wanneer hulle die eis bekragtig, moet kringbestuurders die bekragtigde eis op EduInfoSearch uitdruk. Hierdie rekords moet by die distrikskantoor bewaar word indien in Hoofkantoor enige navrae het.

6. **Ouditering**

6.1 Bylae B van die *Staatskoerant* (verwys na paragraaf 1) sluit die riglyne vir die ouditeur in. Die volgende dokumente moet by die ouditeur ingedien word:

a) Finale departementele toekenning van norme en standaarde (N&S) vir die betrokke jaar.
b) Geouditeerde finansiële state vir die betrokke jaar.
c) Leerderbywoningsregisters vir die betrokke jaar.
d) Kitsopname vir die betrokke jaar.
e) Vrystellingsaansoekvorms en dokumente ter ondersteuning van die aansoek vir elke vrygestelde leerder (insluitende bewys van pleegsorg en gegewens van maatskaplike toelaag, waar van toepassing).
f) Dokumentasie wat die vrystelling van elke vrygestelde leerder goedkeur.

6.2 Die ouditeur moet die dokumente wat ontvang is gebruik om te verifieer dat die inligting korrek is. Waar ondersteunende dokumentasie slegs in elektroniese formaat beskikbaar is, moet die ouditeur toegang tot die inligting versoek. Die ouditeur moet die toepaslike afdeling op die aansoekvorm voltooi en onderteken.

6.3 Alle nienakoming en foutiewe inligting wat tydens die oudit geïdentifiseer word, moet aangedui word. Die kringbestuurder moet alle nodige wysigings tydens die verifikasieproses aanbring.

6.4 Die WKOD sal nie 'n aansoek aanvaar wat nie deur die ouditeur onderteken is nie, of waar die ouditeur die geldigheid van die aansoek bevraagteken het nie.

6.5 Die aansoeke moet as deel van die jaarlikse oudit van elke skool geoudit word. Die geouditeerde aansoekvorm moet by die kringbestuurder by die distrikskantoor ingedien word.

6.6 Alle inligting wat ontvang is, sal onderhewig wees aan 'n geldigverklaringproses deur die WKOD. Indien daar bevind word dat enige inligting vals is, sal die betrokke skool onderhewig wees aan 'n sanksie wat dissiplinêre optrede teen die prinsipaal kan insluit wat die inligting geverifieer het en/of die verhaling van enige betaling wat gemaak is. Laat indiening (d.i. na 28 April 2023), onvolledige inligting, gewysigde inligting, verkeerde inligting en inligting wat in 'n verkeerde formaat ingedien is, sal die aansoek ongeldig maak. Die oorspronklike, voltooide aansoekvorm (nie 'n afskrif nie) moet ingedien word. Let asseblief daarop dat die WKOD slegs aansoekvorms, wat deur SOBIS gegenereer is, sal aanvaar.

7. **Berekening**

7.1 Met die voltooiing van die bekragtigingsproses, sal die WKOD die totale waarde van die eise wat ontvang is, bepaal. Skole sal dan in kennis gestel word of hulle kwalifiseer, asook van die bedrae wat hulle sal ontvang.

7.2 **Graad R-leerders**

Die bedrag wat 'n graad R-leerder ontvang, word soos volg bereken:

a) Tydperk (aantal dae ingeskryf gedurende die jaar)
b) Vrystellingspersentasie
c) N&S-toekenning per leerder (Graad R) vir nie-personeel, d.w.s. **20% van die totale toekenning per leerder.** Die personeel se gedeelte wat 80% van die toekenning uitmaak, sal nie in aanmerking geneem word nie.
d) Geenskoolgelddrumpel (R1 601 vir 2022)

| **Graad** | **Kwintiel** | **N&S-toekenning per leerder** |
|---|---|---|
| Graad R | NK4 | R880 |
| Graad R | NK5 | R840 |

**Voorbeelde van berekeninge:**

| **Graad** | **NK** | **Leerder se ID-nommer** | **Dae ingeskryf** | **% vrystelling** | **N&S-toekenning 20% nie-personeel** | **Berekening vir 2022** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Graad R | 4 | 1 | 200 | 100% | 880 | 200/200 x 100% x (R1 601 – R880) = R721 |
| Graad R | 5 | 2 | 100 | 50% | 840 | 100/200 x 50% x (R1 601– R840) = R190 |

7.3 **Graad 1- tot 12-leerders**

Die bedrag wat vir elke graad 1- tot 12-leerder ontvang word, word soos volg bereken:

a) Tydperk (aantal dae ingeskryf gedurende die jaar)
b) Vrystellingspersentasie
c) N&S-toekenning vir elke leerder (Graad 1 tot 12)
d) Geenskoolgelddrumpel (R1 601 vir 2022)

**Voorbeelde van berekeninge:**

| **Graad** | **NK** | **Leerder se ID-nommer** | **Dae ingeskryf** | **% vrystelling** | **N&S-toekenning** | **Berekening vir 2022** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Graad 1 tot 12 | 4 | 4 | 200 | 100% | 802 | 200/200 X 100% x (R1 601 – R802) = [illegible] |
| Graad 1 tot 12 | 5 | 5 | 100 | 50% | 277 | 100/200 x 50% x (R1 601– R277) = R331 |

8. Slegs wanneer al die eise ontvang en die totale bedrag bepaal is, sal die WKOD in staat wees om te bepaal of 100% van 'n skool se eis betaal kan word. Die totale bedrag sal onderhewig wees aan die totale jaarlikse begroting vir hierdie intervensie. Fondse sal voor of op 15 November gedurende die jaar waarin die aansoek gemaak is, aan kwalifiserende skole oorgedra word.

9. Hierdie omsendbrief herroep en vervang Omsendbrief 00010/2022 van 04 Maart 2022.

10. Enige navrae betreffende die voltooiing van die aansoekvorm kan gerig word aan die kringbestuurder van die tersaaklike distrikskantoor.

**GETEKEN:** LJ ELY
**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-04-11